

24 November

Skrifgedeelte: Kolossense 1:15-23

Fokusgedeelte: Kolossense 1:21

Eers vervreemd, maar nou versoen

Sonde laat die mens sy doel mis. So raak ons van God vervreemd. Die eerste lesers was immers heidene wat in Kolosse tot geloof gekom het. Paulus herinner hulle aan hierdie grootse werk van Christus. Voorheen was hulle ver van God af en vyandiggesind teenoor Hom (vs 21). Nou het hulle egter heeltemal 'n nuwe lewe en lewensuitkyk. Vreemdelinge, heidene, deel nou in die versoening wat Christus bewerk het. Die onmoontlike word deur Christus moontlik!

Hierdie wonderlike nuus word voorafgegaan (vs 15-20) deur 'n beskrywing van die grootsheid van Hom wat dit moontlik gemaak het: Die Seun is die beeld van God. Hy staan eerste, bo die hele skepping. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Alles bly deur Hom in stand. Hy is die Hoof van die hele kosmos. Hy het eerste opgestaan uit die dood en in Hom woon die volheid van die Godheid. Deur sy bloed is die vrede met God herstel.

Wie kan dan nog twyfel oor die moontlikheid van hierdie versoening? Wie wil nog dink dat jou sonde tussen jou en God kan bly staan? Hoe groot die sonde ook al, hoever die doel ook al gemis is, deur Christus is daar volkome versoening. Vreemdes word in die verbond ingelyf. Ons kan maar net sterk bly staan in die geloof (vs 23) dat sy versoening voldoende is, omdat Hy voldoende is!

Hoe groot jou oortreding dus ook al was, en hoever jy ook al afgedwaal het en jou doel vir God gemis het ... Jesus Christus se versoening is groter! Staan maar net vas in die geloof!

Sing: Skrifberyming 5-3:1

Ds M van Helden (Centurion)